# KOMMUNIKAMMA 27 NOVEMBER 2022

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Die leraars besoek jou graag. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 27 November**
**1ste Adventsondag**
**Biddag in aansluiting by Wêreldvigsdag**
**09:00 GESAMENTLIKE EREDIENS**
**Skriflesing:** Psalm 122, Lukas 2:41-52
**Tema:** Maak Vol. Volmaak.
https://youtu.be/MgBaiFEiHKk
Skakel gerus om 09:00 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.
Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Arbeidsbedieninge**

**Maandag 28 November**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor die hele week via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD IN DIE KONSISTORIE.** Almal is welkom om die gebedsgeleentheid by te woon.

**Woensdag 30 November**
**Voedselhulp aan PE-Noord**
**Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.**
U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.
Kraggakamma gemeente het al R392 670,15 se kos aangekoop. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.** Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die voedselhulp program.

**PE Noord Kers-sakkie projek**
PE Noord het 'n Kers-sakkie projek geloods en wil graag die handgemaakte lap-sakkies op 10 en 11 Desember aan die mense wat die sopkombuis bywoon, asook aan lidmate en bejaardes in die gemeenskap, oorhandig. Hulle benodig die volgende produkte:
Waslap, badseep, tandeborsel, tandepasta, toiletpapier en 'n pakkie lekkers of 'n pakkie koekies. Hierdie items kan Woensdae by die kerkkantoor ingehandig word. Merk dit asb duidelik Kers-sakkie projek.
Hulle benodig asb ook roomys of margarien bakke om gaar kos in te skep en stoor.

PE Noord Gemeente het met 'n papierherwinnings-projek begin.  Alle wit A4 papier wat herwin kan word, kan op Maandae en Woensdae by die kantoor ingehandig word.

**<u>Donderdag 1 Desember</u>**
**Wêreld Vigsdag**

**<u>Sondag 4 Desember</u>**
**09:00 GESAMENTLIKE EREDIENS**

**18:00- Leef@Kerk Afsluiting**

**<u>EREDIENSTYE IN DIE VAKANSIE</u>**
**Sondag 11 Desember – Erediens om 9:00**
**Vrydag 16 Desember – Versoeningsdag-diens om 9:00 by Kraggakamma**
**Sondag 18 Desember – Erediens om 9:00**
**Sondag 25 Desember – Kersdiens om 9:00**
**Saterdag 31 Desember – Oujaarsdiens by Lorraine gemeente om 19:00**
**Sondag 1 Jannuarie – Erediens om 9:00**
**Sondag 8 Januarie – Erediens om 9:00**
**Sondag 15 Januarie – Erediens om 9:00**

**<u>SAKE vir GEBED:</u>**

- Ons water situasie bly kritiek.  Pleit by die Here vir dringende reën in ons opvangsgebiede.
- Bly intree vir alle matrieks, leerders en studente wat nog besig is met die eksamen.  Bid vir die motivering om vol te hou tot die einde.
- Dank die Here vir die daaglikse positiewe terugvoering oor die verbetering aan infrastruktuur in ons Metro.  Bly bid vir eensgesindheid onder die nuwe stadsbestuur sodat daar voortgegaan kan word om 'n verskil te maak.
- By talle gemeentelede en families waar daar ernstige gesondheidsprobleme voorkom en groot uitdagings bring.  Ons dra in besonder die volgende persone aan die Here op:  Frans Marx, Elaine Greyling se seun Ernst, Chris Lessing, Maryna en Hartman Potgieter, asook Niekie Oosthuizen se ma.  Bid veral ook vir die familielede wat hulle moet bystaan.
- Dink in besonder aan Engela von Mollendorf en familie met die afsterwe van haar broer.
- Bid vir reisgenade vir Gerrit en Janine Coetzee en Maria Latsky wat Sondag terugkeer Suid-Afrika toe.
- God het ons geroep om betrokke te wees by PE Noord Gemeente (2 Kor 9:6 – 11).  Loof die Here vir die volgehoue bydraes uit Kraggakamma Gemeente en vir die positiewe reaksie op elke bykomende versoek.  God is oneindig goed.
- Die oorlog in Oekraïne woed al 9 maande voort en omstandighede raak net al hoe erger vir die inwoners van die land. Bid vir die gelowiges dat hulle sal voortgaan om hulle mede-landsburgers te bedien met lewensnoodsaaklikhede en ondersteuning en dat die Here se Koninkryk uitgebrei sal word onder hulle wat Hom nie ken nie.
- Loof die Here vir Sy seën op die twee Kerssangdienste wat in ons gemeente plaasgevind het en vir die wonderlike opkoms.

**Gebedsversoek vir There4-Bedieninge**
Bid saam met gelowiges in **Meksiko** wat voor moeilike keuses staan wanneer hulle deur georganiseerde misdaad in hulle gemeenskappe gekonfronteer word.
Bid saam dat God hulle wysheid en moed sal gee om dit op 'n Christelike wyse aan te spreek.

**TIENDEMAAND DANKOFFER**.
Die Tiendemaand dankoffer se inkomste beloop tans 'n wonderlike R 245 774.06. Baie dankie vir elkeen wat hul dankbaarheidsbydrae met oorvloedigheid en blymoedigheid gegee het. Ons het begroot R170 000.00 vir die Tiendemaand dankoffer.
U kan steeds u bydrae in Novembermaand maak.

1. Daar is tiendemaand dankofferkoeverte in die voorportaal of by die Kerkkantoor beskikbaar. U kan dit enige tyd in die dankoffersakkie gooi of by die kerkkantoor inhandig.
2. Jy kan ook ‘n elektroniese inbetaling in die rekening van die kerk doen: NG Kerk Kraggakamma, Absa Bank rek nr.1400590091, Tjek Rek, Tak 511 917. Jy moet dit asb. duidelik merk as tiendemaand bydrae.

Ons wil hierdie insameling teen einde November afsluit.

**Ons Hoërskool Leerders gaan stap (5-7 Desember)**

Na ‘n lang jaar dink ons dis goed dat ons met ‘n hoogtepunt afsluit. Hierdie staptoer bied vir ons almal die geleentheid om te ontsnap uit die gewone roetines en om uit ons gemaksone te klim. Ons hoop is dat die staptoer vir jou die geleentheid bied om ‘n ander tipe konneksie te maak met jouself, met mekaar en veral met die Here Jesus. Die staptoer is vir enige iemand wat kans sien om baie te sweet, lekker te lag en nie bang is vir ‘n groot uitdaging nie. Ons gaan vir twee aande slaap by die Voortrekker Kampeerterrein by Van Staadens. Van daar af gaan ons dan elke dag ons staptog begin. Jy hoef nie topfiks te wees om hierdie staptoer saam met ons aan te pak nie. Daar is slegs plek vir 20 kinders vanaf Kraggakamma gemeente, so moenie te lank wag voor jy inskryf nie. Die inligting is via die Jeugmentors aan al die kinders versprei. Kontak Ds. Toit Wessels (084 240 2916) indien jy belangstel.

**Jeugmentors vir 2023**

‘n Afrika spreekwoord lui “It takes a village to raise a child”. Ons as gemeente wil saam met ouers, onderwysers en ander volwassenes deelneem aan geloofsvorming vir ons kinders. Die mikpunt is dat elke kind/tiener ten minste 4 volwasse, gelowige persone moet hê wat in sy/haar lewe inbou.

Ons doen ‘n beroep op enigiemand wat betrokke wil raak as Jeugmentor vir 2023 om asseblief met Ds Toit Wessels kontak te maak. Dit is nou om ons kinders vanaf 0 tot 18-jarige ouderdom te bedien. Kontak geleenthede gebeur voorlopig op sekere Sondae 09:45-10:15. Ons droom om vir elke Graad groep ‘n paar Jeugmentors te kry, om sodoende ons kinders op die beste manier te bedien.

**50 JARIGE FEESVIERINGE**

Ons is baie opgewonde oor die gemeente se 50 jarige feesvieringe wat in 2023 gaan plaasvind. Die groot feesnaweek word beplan vir 3 tot 5 Maart 2023, so maak solank hierdie datum in julle dagboeke vas. Die feesvieringe skop op die Vrydag om 19:00 af met die Premiére van ‘n dokumentêre video wat tans gemaak word. Saterdag se hoogtepunte sluit ‘n trollie/kruiwa resies en Maart Malligheid in. Sondag sluit ons die naweek af met ‘n Nagmaalsdiens en gemeente ete. Ons hoop dat julle saam met ons opgewonde sal raak oor hierdie groot mylpaal in Kraggakamma Gemeente se bestaan.

Indien jy betrokke wil raak by die reëlings, kontak die kerkkantoor vir meer besonderhede.

**RAAK ASSEBLIEF BETROKKE**

Ons nooi jou uit om betrokke te raak by die gemeente. Sien die lysie hieronder van behoeftes en kontak die kerkkantoor indien jy meer besonderhede wil kry:

- Dien op die kerkraad
- Gasvryheidsbediening - groet mense voor die eredienste in die voorportaal. Verwelkom nuwe intrekkers
- Betrokke raak by ‘n selgroep
- Dien op tuinboukommissie wat sorg vir tuine rondom kerkkompleks
- Musiekgroep by die Eietydse diens of samesang by die Klassieke diens
- Die hantering van klank en data by albei eredienste
- Die stroom van die eerste diens
- Die hantering van die Mediakas

**KERKRAAD**

Die volgende persone is op die vergadering van 16 November tot die kerkraad verkies:
Colleen Botha as diaken in Blok SA
FJ le Roux as diaken in Blok SD
Dossie Nortjé as ouderling in Blok SA

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 27 November | Theunis Coetzee, Amari Gouws, Chloe Minnie, Claudette Nel en Zane van Niekerk |
| 28 November | Ellis Hedderwick, Neel Rossouw en Louise van Rhyn |
| 29 November | Annemarie Botha, Ryno Dreyer, Reuben Jordaan, Naudé Meiring, Martin Pretorius en Cindy Ross |
| 30 November | Mara Geldenhuys, Suzanne van Niekerk en Reegan van der Merwe |
| 1 Desember | Heine Coetzer, Jan Loftie-Eaton, Paul Meiring, Yvonne Moore, Lecia Pienaar en Dewald Pretorius |
| 2 Desember | Nickey de Swart |
| 3 Desember | Jani van Heerden |

**REËLINGS GEDURENDE DESEMBER**

Neem asb kennis dat die kerkkantoor vanaf 19 Desember tot 6 Januarie gesluit is. In geval van nood kan die predikant aan diens gekontak word.

Ds MG van Rooyen is met verlof van 7 – 29 Desember

Ds Toit Wessels is met verlof van 30 Desember tot 16 Januarie

Niekie Oosthuizen is met verlof van 19 Desember tot 6 Januarie

Ryno Muller is met verlof van 16 Januarie tot 6 Februarie

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005